AFRIKAANS

EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 3

GRAAD 10

November 2009

TYD: **2 UUR**
PUNTE: **100**

MOTHEO DISTRIK

INSTRUKSIES EN INLIGTINGSBLADSY

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

AFDELING A: Opstel: 50 punte

AFDELING B: Langer Transaksionele Teks : 30 punte

AFDELING C: Korter Teks: Transaksioneel/Naslaan/ Informatiewe: 20 punte

- Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling
- Skryf in die taal wat geassesseer word.
- Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
- Jy moet beplan (bv. ’n kopkaart, vloeidiagram, diagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die opstel wees.
- Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ’n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.
- Jy word sterk aanbeveel om 80 minute aan afdeling A te bestee, 40 minute aan afdeling B en 30 minute aan afdeling C
- Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.
- Voorsien elke teks van ’n gepaste titel/opskrif.
- LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.
- Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 150 – 200 woorde oor die onderwerp.
- Gee bewys van beplanning en redigering.
- Dui die: FINALE SKRYFSTUK duidelik aan

1.1 Die dag toe my hond my lewe gered het.

Vertel van die dag toe jou hond jou en almal se held geword het.

OF

1.2

My "cool" ouma

OF

1.3 Is vandag se leerders nog trots op hulle skole?

Dink aan die volgende:

- Wat maak leerders trots op hulle skool?
- Hoekom is leerders trots/nie trots op hulle skole (nie)?

OF

1.4

Net ryk mense is gelukkig

Dink aan die volgende:

Wanneer is ’n mens gelukkig?
Wat maak ’n mens gelukkig?
Waar kan ’n mens gelukkig wees?

OF

1.5

Die kinders van vandag het nie meer goeie maniere nie.

Stem jy saam met hierdie stelling?

1.6 Kies EEN van die prente en skryf ’n opstel daaroor.

1.6.1

[*Image library*]

OF

1.6.2



[A*lmanak mond- en voetskilders*]

OF

1.6.3



[*Sarie* Augustus 2008]

Totaal Afdeling A: 50

AFDELING B: VRAAG 2 LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

- Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.
- Gee bewys van beplanning en redigering.
- Dui die: FINALE SKRYFSTUK duidelik aan.

2.1 **INFORMELE BRIEF**

Skryf ’n brief aan ’n vriend/vriendin en vertel van Mnr. Jacob Zuma se besoek aan die skool.

OF

2.2 **FORMELE BRIEF**

Skryf ’n brief aan die bestuurder van die Wimpy naby jou skool waarin jy kla oor die slegte hamburger wat jy daar gekoop het.



[*Clip art*]

OF

2.3 **HULDEBLYK**

Een van jou klasmaats is oorlede in ’n motorongeluk. As klaskaptein moet jy die huldeblyk tydens die begrafnis lewer.

Skryf die huldeblyk.

Dink aan die volgende:

- Die mooi persoonlikheid van jou klasmaat
- Die dinge wat jy van jou klasmaat gaan onthou
- Wat jou klasmaat vir jou beteken het.

OF

2.4 **TOESPRAAK**

Baie onderwysers en leerders kla oor die portefeuljes wat leerders moet hê. By julle skool het die personeel besluit om die leerders se mening oor die portefeuljes te vra. Skryf die toespraak wat jy oor die voordele of nadele van portefeuljes gaan lewer.

Totaal Afdeling B: 30

AFDELING C: VRAAG 3 KORTER TEKS: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

- Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
- Daar moet bewys van beplanning en redigering wees.
- Dui jou finale skryfstuk duidelik vir assessering aan.

3.1 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy het die voorreg gehad om saam met die skool na 'n musiekblyspel (musical) te gaan kyk. Skryf in jou dagboek oor jou ervarings tydens die musiekblyspel.

OF

3.2 **PLAKKAAT**

Jou skool gaan 'n kultuurdag hou. Maak 'n plakkaat om hierdie geleentheid te adverteer. Die volgende inligting moet op die plakkaat verskyn:

- Wanneer die kultuurdag gehou gaan word.
- Waar dit gehou gaan word.
- Hoe laat dit gehou gaan word.
- Wat die toegangsfooi gaan wees.
- Wat daar alles te doen gaan wees.

OF

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy moet die graad 8-leerders by jou skool verwelkom en die skoolreëls aan hulle verduidelik. Skryf TIEN skoolreëls puntsgewys neer.

Totaal Afdeling C: 20
TOTAAL VRAESTEL 3: 100